

20.5 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE PRETORIA : RIGLYNE VIR ONDERSKEID TUSSEN WESENTLIKE EN NIE-WESENTLIKE SAKE

1. Beskrywingspunt

Dat kerklike vergaderings in besluitneming rekening hou met die onderskeid tussen wesentlike- en nie-wesentlike sake, met gebruikmaking van die volgende riglyne vir die onderskeiding tussen wesentlike en nie-wesentlike sake:

1.1 *Wesentlike sake*

- 1.1.1 Sake (oortuigings, leerstellings, gebruike, ordereelings) wat direk uit die Skrif kom en met Skrifberoep gestaaf kan word.
- 1.1.2 Sake wat op grond van direkte Skrifbeginsels uit die Skrif afgelei kan word.
- 1.1.3 Sake (gebruike) wat op 'n normatiewe voorbeeld van die apostels gegrond is.
- 1.1.4 Sake wat die volgende "gewigte" dra:
 - 1.1.4.1 wat die waarheid van die Woord raak;
 - 1.1.4.2 wat die geloof in God raak;
 - 1.1.4.3 wat in die Belydenis uitgedruk is;
 - 1.1.4.4 wat nougesette en daadwerklike gehoorsaamheid aan die Here raak;
 - 1.1.4.5 wat om ernstige, noodsaaklike en onvermydelike redes van krag moet wees.
- 1.1.5 Dit kom neer op sake wat uit die aard daarvan, of in die manier waarop dit gemotiveer of gebruik word, die eer van God, of die verlossing van die mens, of ware kerk-wees direk raak of in gedrang kan bring.

1.2 *Nie-wesentlike sake*

- 1.2.1 Sake wat nie direk/uitdruklik in die Skrif voorgeskryf is of daaruit afgelei kan word nie.
- 1.2.2 Sake wat nie uitdruklik in die Belydenisskrifte vermeld word of uit die Belydenisskrifte afgelei kan word nie.
- 1.2.3 Sake wat nie om noodsaaklike of onvermydelike redes deur almal oral en altyd hoef gehandhaaf te word nie.
- 1.2.4 Sake wat volgens die Skrif en apostoliese gewoonte aan die kerke self oorgelaat is.
- 1.2.5 Sake waarvoor ons moet ooreenkom om kerklik te kan saamleef, maar wat nie die eer van God of die verlossing van die mens of ware kerk-wees direk raak of in gedrang kan bring nie.

2. Motivering

- 2.1 Vir die noodsaak van die hantering van hierdie onderskeiding, sien Beskrywingspunt 20.3 (oor KO, art 31) 2.1 en 2.3.
- 2.2 Hierdie riglyne is by wyse van afleiding gemaak uit Skrifgedeeltes soos die volgende: Matteus 6:33; Romeine 14:17; Galasiërs 5:6; Filippense 3:8-9, asook uit die verskille oor sake wat in die Skrif toegelaat of nie toegelaat word nie (bv Rom 14:1-15:7; Gal 5:1-12; Kol 2:16-23).
- 2.3 Dit berus ook op gegewens wat vervat is in ons Belydenisskrifte, soos byvoorbeeld NGB, 2, 7, 29, 32.
- 2.4 Dit pas die onderliggende beginsel van KO, art 85 ook in ons interne kerklike lewe toe, en gee verdere eksplisiete gestalte aan die onderskeiding wat in verskeie artikels in ons Kerkorde vervat is, naamlik dat ons mekaar nie in alle sake wil bind aan eenvormige optrede nie, vgl bv KO, art 4 (in "ten eerste" paragraaf), 22, 27, 38, 62, 67, 69, 75.

3. Verduidelikende opmerkings by Beskrywingspunt

- 3.1 Die Beskrywingspunt praat eerder van “nie-wesentlike” as “middelmatige” sake, omdat nie-wesentlike sake nie heeltemal dieselfde is as die sogenaamde “adiaphorae” of “middelmatige sake” nie. Laasgenoemde is sake wat aan die vryheid van kerke oorgelaat word, terwyl nie-wesentlike sake wel ook sake kan wees wat nie aan die vryheid van kerke oorgelaat word nie, maar wat tog nie die geloof in Christus of die egtheid van die kerk of die eer van God direk in gedrang bring nie. Een voorbeeld van nie-wesentlike sake waaraan ons mekaar tog bind, is die hoeveelheid meerdere vergaderings wat ons het en hoe hulle saamgestel word.
- 3.2 Die term *riglyne* word gebruik, omdat hierdie uiteensetting nie noodwendig volledig is nie, maar deurgebruik en aanvullende oorweging aangevul of verder verfyn kan word.

Toeligter: Ds SD Snyman.